NAMA KHOI MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG, 12 JUNIE 2014 OM 10h00 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL, SPRINGBOK

SRVN008/06/2014
Presensielys
Teenwoordig

Raadslede	LF Faber (Voorsitter)
	JF van Wyk
	EF Maritz
	S Kleinbooi
	SD Kleinbooi
	WS Jordaan
	G Cloete
	HS Apollis
	KS Ventura
	GJ Coetzee
	SJC van Wyk
	WJ Goedeman
Amptenare	BS Lenkoe (Waarnemende Munisipale Bestuurder)
	N Mdaka (Hoof: Finansiële Beampte)
	RC Hartley (Hoof: IDP/LED/Behuising)
	AM Beukes (Hoof: Interne Oudit Afdeling)
	JS Cloete (Hoof: Tegniese Dienste)
	M Arendse (Wnde Hoof: Elektriese Afdeling)
	B Williams (Wnde Hoof: Gemeenskapsdienste)
	J van Zyl (Afdelingshoof: Administrasie)
COGHSTA:	L Simboyia
Provinsiale Tesourie:	L van den Heever

Afwesig met verlof

Raadslede	SWB Lubbe (in hospitaal)
	FX Cupido (Kimberley)
	GY Pieters (Kimberley)
Amptenare	JP Mapanka (Hoof: Korporatiewe Dienste)
	W Bowers (Hoof: Finansies)

SRVN009/06/2014
Opening, verwelkoming en konstituering van vergadering

Raadslid HS Apollis open die vergadering met gebed. Die Voorsitter heet almal teenwoordig, welkom en verklaar die vergadering as wettig gekonstitueerd.

L.F.

NUWE SAKE
SRVN013/06/2014
Begroting 2014/2015 (verw nr 6.1.R)

Die begroting en tariewelys vir die 2014/2015 finansiële jaar is voorgelê aan die Raad tydens 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 29 Mei 2014. Die begroting is egter nie deur die Raad aanvaar nie weens bepaalde kwessies ten opsigte van die tariewelys en is besluit om artikel 25(1) van die MFMA oor die nie-goedkeuring van die begroting, toe te pas. Die administrasie is versoek om die nodige veranderinge aan te bring en dat 'n vergadering binne sewe dae geskeduleer word vir aanvaarding van die begroting en -tariewelys vir die 2014/2015 finansiële jaar.

'n Vergadering was geskeduleer vir 5 Junie 2014 in terme van artikel 25(1) van die MFMA. Die begroting was egter nog nie gereed vir goedkeuring nie en het die Raad besluit dat 'n vergadering weer binne sewe dae in terme van artikel 25(2) van die MFMA geskeduleer word, sodat die begroting en -tariewelys weer aan die Raad voorgelê kan word vir aanvaarding.

Die Burgemeester hou sy begrotingsrede voor aan die Raad. ***(Begrotingsrede aangeheg)***

RAADSLID JF VAN WYK STEL VOOR DAT DIE BEGROTING EN TARIEWELYS VIR DIE 2014/2015 FINANSIËLE JAAR GOEDGEKEUR WORD.
RAADSLID S KLEINBOOI SEKONDEER DIE VOORSTEL.

Raadslid WS Jordaan vra vir 'n koukus breuk namens die DA komponent.

'n Koukus breuk van 5 minute word toegestaan.

TEENVOORSTEL: RAADSLID WS JORDAAN STEL VOOR DAT DIE BEGROTING NIE AANVAAR WORD NIE, WEENS BEPAALDE REDES, SPESIFIEK DIE KWESSIE OOR DIE EIENDOMSBELASTING. RAADSLID WJ GOEDEMAN SEKONDEER DIE DIE VOORSTEL.

Daar word oorgegaan in stemming.

2DE VOORSTEL: 3 STEMME
1STE VOORSTEL: 9 STEMME

BESLUIT

DAT DIE BEGROTING EN TARIEWELYS VIR DIE 2014/2015 FINANSIËLE JAAR GOEDGEKEUR WORD VIR IMPLIMENTERING VANAF 1 JULIE 2014.

.....
VOORSITTER/SPEAKER VAN DIE RAAD